

Wanneer konflik kop uitsteek



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 6:1–6; Handelinge 10:1–23; Matteus 5:17–20; Handelinge 11:3–24; Handelinge 15:1–22; Amos 9:11, 12.

Geheueteks:

“Want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één” (Galasiërs 3:27, 28; NAB).

Een van die moeilikste take vir enige kerkgroep is hoe om eenheid te handhaaf wanneer meningsverskille ontstaan, veral dié wat met die identiteit en sending van die kerk te doen het. Dit kan ramspoedige gevolge hê. Moderne kerkgemeenskappe verskil nie eintlik so baie van hul Nuwe-Testamentiese eweknieë nie. Ons bly maar mens. Meningsverskille, selfs dié oor ernstige kwessies, is onafwendbaar. Konflik onder die eerste Christene het hoofsaaklik om interpersoonlike vooroordele gedraai, asook twiste oor die interpretasie van deurslaggewende Ou-Testamentiese verhale en praktyke. Hierdie konflikte kon die nuutgevonde kerk reeds in sy aanvangsjare tot niet gehad het. Gelukkig het die noulettende apostels en leiers, onder leiding van die Heilige Gees en die Bybel, hierdie geskille bygelê. ’n Paar weke gelede het ons gesien hoedat die eerste Christene kerkeenheid beleef het. Vandeesweek sien ons dat hulle wel met geskille te kampe gehad het, dinge wat hul eenheid en voortbestaan bedreig het. Ons sal aanstons sien hoe hulle daardie krisis ontlont het. Die aard van daardie konflikte, hoe dit opgelos is, en wat ons daaruit kan leer – dit is wat onder die loep kom.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 17 November.*

Vooroordeel en etnisiteit

Lees Handeling 6:1. Die vroeë Christelike kerk het kos onder die weduwees uitgedeel, maar toe ontstaan daar klagtes oor vermeende onregverdigheid. Waaroor het dié kwessie gegaan?

Onder die nuutgevonde kerkgemeenskap het daar klagtes oor vooroordeel en voortrekkery ontstaan, met die Griekssprekende Joodse weduwees wat klaarblyklik minder kos as hul Joodsgebore eweknieë ontvang het. Hierdie vermeende voortrekkery het verdeeldheid in die vroeë Christelike kerk veroorsaak. Of daar enigsins waarheid in daardie aantygings gestee het, weet ons nie. Die Skrif laat hom nie daaroor uit nie. Al wat ons weet, is dat party mense dit as 'n wesentlike probleem beskou het. Hierdie konflik het die kerk bedreig toe hy nog in sy aanvangsjare was. Dit is nogal interessant dat verdeeldheid op grond van etniese verskille so gou in die kerk kop uitgestee het.

Lees Handeling 6:2–6. Hoe het die vroeë Christelike kerk hierdie misverstand uit die weg geruim?

Die vroeë Christelike kerk het met rasse skrede gegroei, soveel so dat dit die apostels se werkslas tot breekpunt gedryf het. Die verkiesing van dié sewe mans, wat in die Christelike tradisie “diakens” genoem word (alhoewel die Nuwe Testament hulle nie so noem nie), het die gespanne situasie onder gelowiges in Jerusalem ontlont, en het boonop meer mense by kerlike bediening betrek. Die apostels het op die Griekssprekende Joodse Christene se klagtes ag geslaan en het na die gemeente se voorstelle geluister. Die verkiesing van die sewe wat op gelyke voet met die apostels moes werk, is aan die byeengeroepte gemeente oorgelaat. Hulle het die sewe dissipels aangewys, almal Jode van Griekse herkoms. Die apostels se nuwe helpers was “daarvoor bekend... dat hulle vol van die Heilige Gees was en wysheid gehad het” (Hand. 6:3; NAB, effens aangepas). Voorheen moes die apostels alleen die Woord verkondig en kos onder die weduwees versprei, maar nou is die een deel van hul bediening aan die nuutverkose “diakens” gegee. So is die bediening in twee ewe belangrike bedienings verdeel. Neem in ag dat Lukas hier dieselfde Griekse woordjie – diakonia - vir die apostels se “bediening van die woord” (Hand. 6:4) asook die diakens se “daaglikse versorging” van die weduwees gebruik (Hand. 6:1).

Die apostels het die al die gelowiges byeengeroep (Hand. 6:2) om saam 'n oplossing vir die probleem te vind. Wat leer ons daaruit?

Die bekering van nie-Jode

'n Mens lees ook in Handeling van die bekering van nie-Jode tot die evangelie van Jesus Christus. Dit was natuurlik 'n gebeurtenis wat die meeste konflik onder die eerste Christene veroorsaak het, soveel so dat dit die nuutgevonde kerk se voortbestaan en sending in gevaar gestel het.

Lees Handeling 10:1–23. Die Heilige Gees was besig om die gemeente vir die verkondiging van die evangelie onder nie-Jode voor te berei. Watter dele van hierdie skrifgedeelte toon dat dit die geval was?

Wat 'n eienaardige visioen! Dit het hom behoorlik geruk. Hy was 'n getroue Jood, en in ooreenstemming met die wet sou hy nooit as te nimmer aan enigiets onrein raak nie (lees Lev. 11, Eseg. 4:14 en Dan. 1:8). Tog gaan hierdie visioen nie oor eet en drink nie, maar oor die skeidsmure tussen Jood en nie-Jood, wat destyds die uitdra van die evangelie belemmer het. Duidelik was dié tipe skeidsmure net so 'n groot probleem as wat dit vandag is. In die eerste paar dekades na Christus, het die Christendom grotendeels uit Jode bestaan, wat Jesus as die beloofde Messias van Ou-Testamentiese profesie aanvaar het. Daardie eerste gelowiges was getrou aan hul Joodse erfenis en het nog by die seremoniële wette gehou. Vir hulle het die evangelie van Jesus Christus dus nie met daardie pre-messiaanse seremonies weggedoen nie (lees Matt. 5:17–20).

Lees Handeling 10:28, 29, 34 en 35. Hoe het Petrus die visioen wat hy in Joppe gehad het, geïnterpreteer? Hoe het hy tot daardie slotsom gekom?

Wat gebeur hier? Die Heilige Gees baan die weg vir verwelkoming van nie-Jode in die Christelike gemeenskap. En dit kon hulle doen sonder om eers besny te word of eers die Joodse tradisie te volg. Petrus en sy vriende het uiteindelik besef dat dit deel van die Godsplan is, toe Cornelius en sy huishouding ook die tipe uitstorting van die Heilige Gees beleef het as wat Jesus se dissipels op Pinksterdag te beurt geval het (Hand. 10:44–47). Hulle het tot die besef gekom: As nie-Jode dan die Heilige Gees op dieselfde wyse as Jode ontvang, beteken dit dat die besnydenis nie 'n voorvereiste vir geloof in Jesus as die Messias is nie. Daardie gevolgtrekking was die begin van 'n groot teologiese twispunt binne die vroeg-Christelike kerk.

Waar die Gees lei

Die leiers van die gemeentes in Jerusalem het gou van die gebeure in Caesarea en van Cornelius en sy huishouding te hore gekom. Petrus moes terstond aan hulle verslag doen. Dit het hulle dwars in die krop gesteeke dat Petrus saam met nie-Jode geëet het, wat volgens die Joodse interpretasie van die Mosaïese wette streng verbode was (Hand. 11:3).

Lees Handeling 11:4–18. Hoe het Petrus verduidelik dat dit die werking en plan van die Heilige Gees was? Wat was die hoofrede vir die oorvertel van alles wat in Caesarea gebeur het?

Party van die leiers het die aanvaarbaarheid van Petrus se optrede, asook sy besluit om hierdie nie-Jode te doop, bevraagteken. Nietemin was daar genoeg getuies (Hand. 11:12) om te bevestig dat die Heilige Gees inderdaad op dieselfde wyse aan Cornelius-hulle gegee is as aan die apostels op Pinksterdag. Teen die klinkklare leiding en werking van die Heilige Gees kon die leiers in Jerusalem nie stry nie en daarom het hulle dit as 'n geskenk van Bo aanvaar. “En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk” (Hand. 11:18, OAB).

Lees Handeling 11:19–24. Watter nuwe uitdaging het in die vroeë Christelike kerk ontstaan?

Dalk het party van die gelowiges in Jerusalem gemeen dat Cornelius-hulle se storie dalk net 'n eenmalige “vergunning” sou wees, en dat so iets nie weer sou gebeur nie. Tog het die Heilige Gees ander planne gehad. Stefanus se dood (Hand. 8:1) het tot grootskaalse vervolging gelei. Die apostels, wat voorheen net in Jerusalem en Judea werksaam was, het in plekke soos Samaria, Fenisië, Siprus en Antiogië opgeëindig. So het al hoe meer nie-Jode Jesus as hul persoonlike Saligmaker aangeneem – net soos Jesus voorspel het (Hand. 1:8). Die kerk het 'n toeloop van nie-Joodse bekeerlinge beleef, wat inderdaad goeie nuus was. Tog was dit seker moeilik vir die heel eerste Christene om skielik nie-Joodse bekeerlinge te moes akkommodeer.

Die vraag is net: Aan watter eng sienings oor die kerk en sy sending klou die moderne gelowige vas, wat moontlik ons getuie aan die wêreld in die wiele kan ry?

Die vergadering in Jerusalem

Lees Handeling 15:1 en 2, asook Galasiërs 2:11–14. Watter twee strydpunte het ernstige konflik in die vroeë Christelike kerk veroorsaak?

Die dinge wat gedreig het om die nuutgevonde Christelike gemeenskap te ontspoor, was nie klein probleemies met maklike oplossings nie. Party Joodse Christene het gemeen dat verlossings slegs deur 'n tradisionele verbintenis met God se verbondsvolk – d.w.s. deur die besnydenis – kon kom. In 'n poging om getrou aan daardie uitverkore lewenstyl te wees, het baie Joodse Christene dus alle kontak met nie-Jode vermy, uit vrees dat dit moontlik hul eie verlossing in gedrang sou bring. Neem in ag dat die Joodse tradisie baie streng reëls oor hul omgang met nie-Jode gehad het. Daardie eng sienings het sommer gou 'n struikelblok vir die nuwe Christelike gemeenskap geword, veral toe die evangelie groot aftrek onder nie-Jode begin kry het. Die Joodse Christene het soos volg geredeneer: Christus was die Messias van God se verbondsvolk, soos dit in die Ou Testament voorspel is. Dié wat buite daardie tradisie gebore is, sal moet Jode word. Eers moet hulle die reëls van die verbondslawe volg en dan kan hulle ook die Messiaanse verlossing deelagtig word.

Lees Handeling 15:3–22. Noem enkele van die kwessies wat tydens die vergadering in Jerusalem bespreek is.

Die Jode het die Ou-Testamentiese verhale oor die besnydenis, asook dié oor kontak met nie-Jode, op 'n tradisionele Joodse wyse uitgelê. Die apostels, ouderlinge en afgevaardigdes uit Antiogië was druk besig om hierdie kwessies te bespreek. Tog het 'n klinkklare oplossing hul bly ontwyk. In 'n stadium kry Petrus 'n spreekbeurt, gevolg deur Barnabas en Paulus. In Petrus se bydrae sinspeel hy op sy visioen in Joppe en noem dat die Heilige Gees nou die weg vir die sieleredding onder nie-Jode gebaar het. Daarna getuig Paulus en Barnabas oor die dinge wat die Here deur hulle prediking onder die nie-Jode vermag het. By daardie vergadering het 'n lig vir talle opgegaan. Aangaande dié nuwe waarheid het Petrus hom soos volg uitgelaat: Ons, en ook hierdie gelowiges [d.w.s. die nie-Joodse gelowiges], glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word” (Hand. 15:11; NAB, klem verskaf). Daardie dag het mensgemaakte tradisies die knie voor die evangeliewaarheid gebuig.

Het jy al ooit 'n diepgewortelde oortuiging prysgee? Wat het jy uit daardie ervaring geleer? Kan dit jou in die toekoms help, wanneer jy dalk weer 'n bepaalde interpretasie wat jy jare lank gekoester het, moet hersien?

'n Moeilike Oplossing

Dit feit dat die kerk in Antiogië bereid was om afgevaardigdes na die vergadering in Jerusalem te stuur, ten einde dié konflik op te los, het seker baie moed en vertroue geverg. Na ure se debattering tussen die apostels en ouderlinge tree Jesus se broer, Jakobus, egter tussenbeide en gee sy beslissing. Klaarblyklik het hy daardie vergadering gelei (Hand. 15:13–20). Duidelik het die kerk tydens daardie sitting besluit dat nie-Joodse bekeerlinge nie nodig gehad het om hulle tot die Joodse godsdiens te bekeer nie, m.a.w. hulle het nie nodig gehad om aan al die bepalings van die seremoniële wette – onder meer die besnydenis – te voldoen ten einde Christene te word nie.

Lees Amos 9:11 en 12, asook Jeremia 12:14–16. Watter voorspellings het hierdie Ou-Testamentiese profete aangaande Israel se buurnasies gemaak?

Hoewel Jakobus uit Amos 9 aanhaal, sinspeel van die ander Ou-Testamentiese profete ook op die verlossing van nie-Jode. Van meet af was dit die Godsplan, dat die ganse mensdom die verlossingsboodskap deur Israel se getuienis en ervaring moes ontvang het. Die Here het dit immers so beskik dat Abraham en sy nasate, deur hul roeping, die ander nasies tot seën moes wees (Gen. 12:1–3). Die leiding van die Heilige Gees; Petrus, Paulus en Barnabas se evangelisasie onder die nie-Jode; asook grootskaalse bekerings van buite die Jodedom – is alles bewyse dat God dit so beskik het. Danksy die apostels se getuienis by daardie vergadering het kerkleiers uiteindelik besef dat die Ou-Testamentiese profesieë in dié verband besig was om in vervulling te gaan. Tog het die Jode reeds die nodige reëls aangaande die behandeling van, en optrede teenoor, nie-Jode tot hul beskikking gehad. Die Here het hulle daardie moets en moenies gegee (Lev. 17, 18), waarna Jakobus dan ook in sy beslissing verwys het (Hand. 15:29). By daardie geleentheid het gelowiges begin besef: Die oproep tot bekering – tot verlossing in Jesus en 'n plek in die verbondsvolk – is nou ook vir die nie-Jood. Die Heilige Gees het hulle tot beter insigte gebring. Verborge waarhede, van kardinale belang vir kerk en lidmaat, het aan die lig gekom. Handeling 15:30–35 sê ook vir ons hoe die Antiogiërs op die beslissing in briefvorm gereageer het: “En toe hulle dit gelees het, was hulle bly oor die bemoediging” (Hand. 15:31, OAB). Hier het ons 'n kragtige voorbeeld van hoe die vroeg-Christelike kerk 'n reuse eenheidskrisis afgeweer het. In 'n gees van liefde, samehorigheid en wedersydse vertroue, het hulle hulle aan die Woord van God onderwerp – die Gees het gelei en hulle het gevolg.

Wat leer ons uit hierdie gebeurtenis, veral wanneer dit kom by die besef dat 'n mens nie ander se standpunt net moet aanhoor nie, maar dat jy soms die geldigheid daarvan moet insien, selfs al is dit vir jou ongemaklik?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “A Seeker for Truth,” bl. 131–142; “Jew and Gentile,” bl. 188–200, in die boek *The Acts of the Apostles*. “Die vergadering wat hierdie geskil moes besleg, het uit apostels en onderwysers bestaan, almal mense wat ’n prominente rol in die stigting van Joodse en nie-Joodse kerkgemeenskappe gespeel het. Afgevaardigdes het van oraloor gekom. Ook teenwoordig was ouderlinge uit Jerusalem en kerklui uit Antiogië, met verteenwoordigers uit al die voorste gemeentes. Die afgevaardigdes het hulle deur God laat lei, en met die waardigheid van ’n kerkgemeenskap wat Hom aan die wil van God onderwerp. Tydens die beraadslagings het kerklui algaande tot die besef gekom: Ons het reeds die antwoord op dié vraagstuk – die nie-Jode is immers besig om die Heilige Gees te ontvang, derhalwe moet ons ons deur dieselfde Gees laat lei. “Hierdie vraagstuk is nie aan die hele kerk oorgelaat nie. Die ‘apostels en ouderlinge’ – mense met goeie oordeel en gesag – het dit bespreek en uiteindelik daarvoor uitsluitel gegee, waarna dit basies deur al die destydse gemeentes aanvaar is. Tog was daar ontevredenheid oor die beslissing. ’n Groep oor-ambisieuse en eiesinnige lidmate het dit verwerp – mense wat gemeen het dat hulle die werk van die Here op eie houtjie moes aanpak. Diesulkes was vreeslik vitterig en die ene klagtes. Hulle wou sommer ’n ander rigting inslaan en het probeer om al die pogings van God se gekose evangeliewerkers in die wiele te ry. Die kerk het van meet af met sulke kopsere te kampe gehad, en so sal dit tot met die wederkoms voortduur” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 196, 197).

Vrae vir bespreking:

- 1. Dink aan die gebeure in Handeling wat ons vandeeweek bekyk het, en vergewis jou van die stappe wat gedoen is ten einde die onderskeie geskille by te lê. Hoe kan jou gemeente daardie stappe vir konflikresolusie gebruik? Die kwessie in Handeling wat ons bekyk het, was hoofsaaklik teologies van aard. Watter lesse leer ’n mens egter daaruit – vir die bylê van ander geskille wat ook kerkeenheid bedreig, soos dié wat met kultuur, politiek en etnisiteit te make het? Watter beginsels kan ons uit vandeeweek se bybelverhaal put?**
- 2. Kyk weer na die bogaande Ellen G. White-aanhaling. Ten spyte van die sukses wat in Jerusalem behaal is, was party nog steeds nie tevrede nie. Watter lesse put ’n mens uit daardie hartseer werklikheid?**

Opsomming: Die vroeg-Christelike kerk het met ’n aantal kwessies gestoei, kwessies wat ramspoedige gevolge kon gehad het. Tog sien ons hoedat die destydse kerk hom deur die Gees en die Woord laat lei het, met die gevolg dat konflikte opgelos en skeurings afgeweer is.